UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## WOORDELYS

*Adversos Judaeos*: Die vroeë Christelike kerk se ideologie waarvolgens die valsheid van die Judaïsme bewys wou word.

*Aggadah*: Nie-wetlike deel van die Talmoed en *midrash* is saamgestel uit legendes, mites en volksvertellings.

*Anglo-Jode*: Jode wat voordat hulle in Transvaal gevestig het reeds in Brittanje woonagtig en betreklik geassimileerd was.

*Anusim*: Geforseerde Joodse bekeerlinge in Spanje.

*Arendasisteem*: Bedryfsisteem in Pole waar die landhere landboueiendom en ander fasiliteite teen 'n bepaalde bedrag aan Jode verhuur het om op hulle eie te bedryf.

*Asjkenazim*: Jode wat aanvanklik in die Ryngebied en later in Duitsland en Oos-Europa gewoon het.

*Auto de Fe*: 'n Geloofsdaad waar Joodse *conversos* in Spanje wat *relapsos* sou wees tydens die Inkwisisie lewendig verbrand is, eerder as om hulle geloof prys te gee.

*Bar-mitzvah*: Godsdienstige inisiasieproses wat Joodse seuns op dertienjarige leeftyd ondergaan.

*Beth Hatefutsoth*: Diaspora museum in Tel Aviv.

*Bet(h) Din:* Joodse rabbynse hof.

*Beth Haknesseth*: 'n Plek by die sinagoge waar Jode sosiaal verkeer.

*Beth Hamedrash*: 'n Plek by die sinagoge waar Jode studeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Beth Hatefelah: 'n Plek soos die* sinagoge waar Jode aanbid.

*Betteljuden*: Bedelaarjode in Europa, waarskynlik *geuzen*.

*Bikkur Cholim:* Verenigings, wat ingestel was om siekes te ondersteun.

*Bildung:* Opvoeding wat Jode moes ondergaan om as nuttig en eties aanvaarbaar vir die Duitsers te wees.

*Bris*: Rituele besnyding op 'n seun agt dae na geboorte wat deur 'n *mohel* uitgevoer word.

*Bundists:* 'n Groep Jode in Oos-Europa wat sosialisties en anti-Sionisties ingestel was.

*Cheder (Heder):* Joodse laerskool.

*Chevras:* Joodse verenigings.

*Chevra Kadisha (Kadush)*: Joodse welsynsvereniging ook bekend as "Helping Hand and Burial society".

*Chevra Mishna 'n Gomorrah*: Vereniging vir Talmoedstudente.

*Chibath Zion*: Liefde vir Sion (Jerusalem).

*Chovei Zion Society:* 'n Sionistiese vereniging.

*Christaos Novos*: Is die benaming wat die Portugese in 1497 aan Jode verleen het wat hulle bekeer het ten einde vervolging vry te spring en beteken "Nuwe Christene".

*Chupa(h)*: 'n Baldakyn waaronder 'n egpaar tydens 'n huwelikseremonie staan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Claudication intermittend*: 'n Beensiekte wat na bewering net Jode sou aantas sodat hulle nie tydens 'n oorlog volwaardige burgers sou wees nie.

*Conversos*: Spaanse Joodse bekeerlinge tot die Christendom.

*Dayyan*: Regter in 'n rabbynse hof.

*Decret Infame*: 'n Dekreet van Napoleon wat die Jode as 'n growwe skending van vryheid, broederskap en geregtigheid beskou het.

*Der Kriegstaphet*: 'n Jiddisje koerant wat in Kaapstad tydens die Anglo-Boereoorlog verskyn het om oorlogsnuus aan Jode wat nie Engelsmagtig was nie, oor te dra.

*Dhimmis*: Die benaming wat Moslems aan Jode en Christene gegee het.

*Diaspora:* 'n Kollektiewe begrip vir Jode wat nie in Israel woon nie.

*Di goldene(h) medina*: 'n "Goue" land waar Jode gemeen het om vrede te verkry.

*Ecclesia* (Lig) en *Synagoga* (Duisternis): Die Christelike kerk se *Adversos Judaeos*- ideologie waar die ware Lig, verkondig word en die sinagoge, wat valse leerstellings geld.

*Episcopus Judaeorum*: Joodse "biskop" wat in Oos-Europa 'n bemiddelaar tussen Jode en die owerheid was.

*Eretz Israel:* Die "Beloofde Land", Israel.

*Erev Pesach*: Die aand van Paasfees.

*Galut*: Die verspreide Joodse gemeenskap.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Gaon:* 'n Joodse wysgeer.

*Gentiles*: 'n Term wat algemeen gebruik word vir alle mense wat nie Jode is nie.

*Ger toshav*: 'n Vreemdeling.

*Get (mv. Gittin)*: Egskeidingsbevel wat deur die *Beth Din* uitgereik word.

*Geuzen*: Bedelaars, waarskynlik *conversos* in Holland, van Iberiese oorsprong.

*Ghettos*: Gebiede in Europese stede waarin Jode verplig was om te woon.

*Gmilut Chassadin:* Rentevrye lenings vir hulpbehoewende Jode.

*Goy, (mv.goyim of goys):* 'n Term wat Jode soms vir *Gentiles* (neerhalende wyse) gebruik.

*Greene (Griene)*: Nuwe Joodse aankomelinge in Suid-Afrika.

*Halakhah (Halacha)*: Rabbynse wette wat 'n deel van die Talmoed uitmaak.

*Hameletz en Hatzefira*: Twee Hebreeuse koerante in Oos-Europa.

*Hannukkah (Hanuka)*: 'n Agt dae lange fees van die Ligte (voor Kersfees) waar die Makkabeërs se oorwinning oor die Grieke gevier word en 'n diep geestelike betekenis het.

*Hasidim*: Judaïsme wat op 'n sterk mistieke denkwyse berus.

*Haskalah*: Joodse verligtings denke.

*Hebreeus:* Die Jode se godsdienstige taal waarin die Bybel geskryf is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Hep-Hep:* Oproere teenoor Jode in Europa in die negentiende eeu.

*Hofjuden (Kaizerjuden)*: Jode wat die adel se ekonomiese raadgewers was.

*Hoggenheimers*: Spotfigure van geldgierige "kapitaliste" wat ook ryk Jode kon wees.

*Hosti*: Die nagmaalsbroodjies van die Roomse Katolieke Kerk.

*Joodse emansipasie*: Jode se verkryging van gelyke regte en burgerskap in Europa.

*Judaïsme:* Die Joodse geloof.

*Judenfrage*: Joodse vraagstuk.

*Judenhass*: Haat vir Jode.

*Judenhetze*: 'n Aansteeklike siekte wat na bewering net onder Jode sou voorkom.

*Judenkratze (Parech)*: 'n Velaandoening wat na bewering net onder Jode voorkom.

*Judensau*: 'n Ikon van 'n varksog wat in Duitsland ontstaan het om Jode mee te verneder.

*Judenstadt*: Deel van 'n stad, gewoonlik naby 'n sinagoge waar Jode graag gewoon het.

*Judenstaat:* Dr. T. Herzl, die leier van die Sionistebeweging, se ideaal van 'n eie selfstandige Joodse staat. Dit is ook die naam van sy boek.

*Judezmo*: 'n Joods-Spaanse taal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Kabbalah*: Joodse mistieke denkwyse.

*Kantoniste*: Oos-Europese Joodse lotelinge vir die Russiese leer.

*Kashrut:* Dieetreëls wat verseker dat voedsel kosjer voorberei en bedien kan word.

*Kasrilik*: 'n Arm man wat nie toelaat dat armoede hom onderkry nie.

*Katedokrasie*: Tydperk vanaf 1168-1492, toe die Joodse lewenswyse deur die *Gaons*, wysgere, beheer is en die alledaagse werklikheid om die sinagogese gesentreer was.

*Kehilla Kadisha*: 'n Joodse gemeente.

*Ketubbah*: Joodse huwelikskontrak.

*Kidddush*: Seënbede wat met 'n glas wyn voor die Sabbat of feesdag uitgespreek is.

*Kol Nidrei:* 'n Gebedslied wat met die begin van *Yom Kippur* in die sinagoge gesing word.

*Korobka*: Spesiale belasting wat Jode in Oos-Europa moes betaal.

*Kosher:* Kosjer, ritueel geskik.

*Ladino*: Joodse Latyn , die taal wat die Iberiese Jode benewens *Judezmo*, gepraat het.

*Landsleit (Landslayt)*: Mense wat van die selfde woongebied of streek afkomstig is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Landsmansfhaften*: Verenigings vir mense wat van die selfde streek afkomstig is.

*Litvaks*: Algemene naam vir Jode afkomstig uit Lithaue.

*Luftmenschen*: Jode wat sò behoeftig was dat hulle figuurlik gesproke van lug geleef het. Dit kon ook verwys na 'n onpraktiese persoon.

*Marranos*: Geforseerde bekeerde Jode wat in die geheim Joodse gebruike gehandhaaf het. Hulle is nie deur Christene of Jode vertrou nie en is in die algemene omgang as skurke en varke beskou. Geen Jood kon 'n groter belediging verduur het as om 'n vark genoem te word nie.

*Matza (Matzos)*: Ongesuurde broodjies wat Jode tydens Paasfees eet.

*Menorah*: Kandelaar met sewe kerse wat in die tempel gebruik is. Vir Hannukkah word een met agt kerse gebruik.

*Meshullach*: 'n Persoon wat geld vir Joodse liefdadigheid insamel. ('n Ryklik geïllustreerde dankbrief is aan president Kruger in Hebreeus en Frans geskryf om hom te bedank met sy bydrae.)

*Mezuzah*: 'n Hout of metaal houertjie met 'n teks uit die Bybel (na aanleiding van Deuternomiun 6 vers 19), wat by die voordeur en slaapkamers van Joodse huise vertoon word.

*Midrash:* Skrifuitleg.

*Minyan*: 'n Kworum van tien volwasse Joodse mans vir gemeenskaplike gebede.

*Mitzva*: 'n Goeie daad.

*Mohel*: 'n Jood wat gekwalifiseer is om 'n besnydenis te doen.

*Motzi*: Joodse seëngebed wat voor die eet van brood (ete) uitgespreek word.

*Non-Jewish Jews*: Etniese Jode wat hulle nie met tradisionele Joodsheid identifiseer nie.

*Numerus clausus*: 'n Kwotastelsel waarvolgens Joodse kinders in skole en universiteite in Oos-Europa toegelaat is.

*Ostjuden*: Jode wat uit Oos-Europa afkomstig is. Hulle was betreklik ortodoks ingestel.

*Pale of Settlement:* Vestigingsgebied in Oos-Europa waarin Jode toegelaat was om te woon.

*Pariahs*: Persone wat in sommige gemeenskappe as uitgeworpenes beskou is.

*Pentateuch:* Die eerste vyf boeke van die Hebreeuse Bybel.

*Peruvians*: Neerhalende term vir "onwenslike" armlastige *Ostjuden*.

*Pesach*: Joodse Paasfees.

*Plia Polonica*: Naam wat in Pole aan *Judenkratze* gegee is.

*Privilegium*: Die beskerming wat Jode in sekere omstandighede geniet het.

*Pogroms*: Spontane en wreedaardige slagtings van Jode in Oos-Europa.

*Pogromtchikes*: Diegene soos die Kossakke wat die slagtings tydens die pogroms uitgevoer het.

*Purim*: 'n Vreugdevolle fees, om die teregstelling van Haman en Joodse fisieke oorlewing in Babilonië te vier.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Rasenjuden (Racenjuden)*: Rasegte Jode.

*Relapsos*: *Conversos* wat nie getrou aan die Christeleike gebruike is nie.

*Religionsjuden*: Geloofsgetroue Jode.

*Rosh Ha Shanah*: Joodse Nuwejaar.

*Sanhedrin:* Joodse hoë Hof.

*Satanos energumenos*: Die fisieke bestaan van die duiwel.

*Satyagraha: Satya* beteken waarheid en liefde; *agraha* beteken krag, sodat dit na 'n krag verwys wat op 'n vreedsame wyse uit waarheid en liefde ontstaan.

*Schmeck tabak:* 'n Tradisionele voorliefde wat Jode vir tabak het.

*Schnorrer*: Bedelaar.

*Schutzgeld:* Spesiale fooi wat Jode vir beskermhere moes betaal.

*Seder*: Die spesiale aandete met die begin van Paasfees.

*Sefardim*: 'n Term wat na Iberiese Jode (Spaanse, Portugese en Marokaanse) Jode verwys.

*Shabbat(h)*: Joodse sabbat wat Vrydagaand teen sononder begin en Saterdagaand teen sononder eindig.

*Shamos Yard:* 'n Plek in Ferreirastown waar ongetroude Joodse mans in armoedige omstandighede gewoon het

*Shochet:* 'n Rituele Joodse slagter.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Shtetl* (mv.*Shtetlech*): 'n Klein dorpie in Oos-Europa.

*Smichas Torah*: Die fees wat die lees van die einde en begin van die Tora vier..

*Succot(h) (Sukkot)*: Fees van die tabernakels of loofhuttefees.

*Talmud:* Samevatting van die norme, waardes en standaarde van die Joodse filosofie.

*Talmud Torah*: Tradisionele Joodse hoërskool.

*Tallit (Tallis* mv.*Tallism*): Gebede sjaal wat in die sinagoge deur mans gedra word.

*Tefillin:* Filakterië wat om die voorkop en arm tydens gebede gedra word.

*The Protocols of the Elders of Zion*: 'n Vervalste dokument waarin beweer is dat Jode sou beplan om die wêreldorde omvêr te werp.

*Torah*: Dit omvat die *Pentateug*, die Joodse Wetsrol met die eerste vyf boeke van die Hebreeuse Bybel.

*Trayf (Treif):* Wanneer kos ongeskik is om te eet.

*Tsedaka (Tsdoke)*: Liefdadigheid, welsyn, sosiale verantwoordelikheid. Die *tsdoke* beginsel berus daarop dat Jode ander help om hulle self te help en sò die 'bakhandsindroom' uit te skakel.

*Verjudung*: Verjoodsing: waarvolgens Christene Jode se "onetiese" norme sou oorneem en derhalwe kapitalisme sou bevorder. In Johannesburg is gegoedes *Randlords* genoem en is as kapitaliste beskou, ongeag of hulle Jode of *Gentiles* sou wees. Dit het vanselfsprekend daartoe aanleiding gegee dat sekere *Randlords soos* H. Eckstein en J.B. Robinson, as Jode beskou is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Wandelende Jood*: Ahasveros wat Christus tydens die kruisiging sou vervloek het sodat hy tot ewigdurende wandeling gedoem sou wees. Dit is die ikon van die Joodse smous.

*Wegalech:* 'n Waentjie met twee wiele wat smouse met die hand gestoot of getrek het.

*Westjuden*: Jode uit Wes-Europa wat betreklik by die Westerse norme geassimileerd sou wees.

*Wissenschaft des Judenthums.* 'n Wetenskaplike vereniging wat in Duitsland gestig is om die Jode se assimilasie in Europa te vergemaklik.

*Xenofobie*, Haat en of vrees vir vreemdelinge en ander nasies. Haat teenoor Jode het in Judeofobie en *Judenhass* gemanifesteer.

*Yahweh:* Jehova, naam van God.

*Yarmulkah*: Mussie, kadotjie wat godsdienstige Joodse mans dra.

*Yehudim*: Jode uit die stam van Juda.

*Yeshiva College*: Kollege in Johannesburg waar die Talmoed bestudeer word.

*Yevrei (Ivriet):* 'n Positiewe benaming vir Jode deur hulle *Israeliete* te noem.

*Yid*: 'n Jood.

*Yiddish:* Jiddisj die taal van die *Ostjuden* en die *Asjkenazim*. Laasgenoemde het ook Duits gepraat.

*Yiddishe Mahmeh (Mamma):* Jiddisje moeders. 'n Stereotipe van "oorbeskermende" moeders.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Yiddishkeit*: Kenmerk van die godsdienstige Jode.

*Yom Kippur*: Jo(o)m Kippoer: Joodse vasdag van verootmoediging en versoening.

*Yom Tov*: Goeie dag, ook naam vir 'n rituele vakansiedag.

*Zhidi*: 'n Skeldnaam vir Russiese Jode.